
# Nuusbrief / News Letter

## Desember / December 2022



Dagsê!
Kan julle glo dat dit alweer die einde van die jaar is, en die Kersgety hier is?! Dan wink 2023 ook al vir ons!!
Dis was vir sommige van ons 'n 'tawwe' jaar, maar ander het weer daardeur gesweef. Kom ons hoop en bid dat 2023 'n goeie jaar sal wees. Wat is 'n goeie jaar? Dis vir jou om te besluit.

Aangesien Blue Ridge so vinnig groei en ongeveer ¾ van die erwe al beset is, wil ons net weer almal herinner aan 'n paar reëls en regulasies (Jammer maar ons moet dit doen):



Good day!

Can you believe that it is the end of the year and Christmas time is here?!? And above all, 2023 is just around the corner!!



Some of us had a hard 2022, whilst others glided through it. Let's hope and pray that 2023 will be a good year for all of us. What is a 'good' year? It's for you to decide.

Because Blue Ridge is growing fast and almost ¾ of the plots are occupied, we would like to remind you about some rules and regulations (Sorry, but we have to do it):

Ons IS ‘n ‘Eco Estate’ en daar IS wilde diere in Blue Ridge. Daarom MOET almal asb hou by die spoedlimiet van 20 k/u. As daar mense kom kuier of iemand iets kom aflewer, of daar bouers in die omtrek is ens., verduidelik dit ASB aan hulle. Sommige mense dink dis Kayalami en wil graag eerste kom.

Onthou ook asb dat almal die vuilgoedsakke as volg moet gebruik:
Swart sakke : net vir algemene huisafval ens
Blou sakke: vir herwinning (geen styrofoam, en melk kartonne ens nie)
Groen sakke: slegs vir tuinafval.

Die sakke moet voor 07h00 op Vrydae in die vuilgoedkamer gesit word.

Baie dankie vir almal se samewerking!



En nou vir die lekker gedeelte:

**EINDE-VAN-DIE-JAAR BRAAI!!!**
Almal is welkom om Saterdag 10 Desember om 15h00 te kom braai by die Bestuursgebou en voor die garages – net sodat ons die jaar goed kan afsluit! Laat weet asb as jy kom.
Pak daai mandjies en jou eie vleis, bykosse, drinkgoed, eetgerei (en as jy opvoustoele en ‘n opvoutafel het, sal dit handig te pas kom)

Ons sal ook ‘n paar ‘draagbare’ braai’s nodig hê. Laat weet my asb as jy dalk kan help.

We DO live in an Eco Estate and there ARE wild animals in Blue Ridge.



Because of this, we HAVE to ask everyone to please keep to the speed limit of 20k/h. If you get visitors, or deliveries or the builders in the vicinity etc., please explain to them about the speed limit. Some people think Blue Ridge is Kyalami, and always want to be first.

Please also remember to use the rubbish bags as follow:
Black bags: only for overall rubbish in the house
Blue bags: for recycling (NO styrofoam, milk cartons etc)
Green bags: only for garden refuse.

The bags must be in the garbage room before 07h00 on Fridays.

Thank you so much for your co-operation!

And now for the best:

**END OF THE YEAR BRAAI!!!**
Everybody is welcome to join us on Saturday, 10 December at 15h00 at the Administration building and in front of the garages. We are going to end the year in a good way! Please let me know if you are coming.
Pack your baskets with meat, side dishes of your choice, drinks, utensils (and if you have folding chairs and a table – you are welcome to bring that as well. We might not have enough)

We will need some portable braais – depending on how many people are coming. Please let me know if you can perhaps help with one.

Julle is welkom om al die braaigeriewe met julle motors te kom aflaai, maar dan moet julle die motors weer by jou huis gaan los, aangesien daar geen parkering gaan wees nie.
Sien julle almal daar!

En so groet ek vir jou, en namens myself en die HEV, wil ek vir almal 'n baie geseënde Kersfees toewens en hoop dat 2023 net vreugde en liefde vir almal sal bring.

Baai vir nou!
Linda



Because there will be no parking, it will be advisible to bring your chairs etc by car, and then leave your car at your house.
See you there!

And now it's time to say goodbye. On behalf of myself and the HOA I would like to wish you a very blessed Christmas and we hope that 2023 will bring lots and joy and love.

Bye for now!
Linda

